BEROEPENUUS—13 Apr. 2014
Beroepe ontvang
Dr. JA Erasmus van Odendaalsrus na Louis Trichardt
Ds. G van Wyk van Pretoria-Brooklyn na Vanderbijlpark Trinitas
Beroepe bedank
Ds. JC van Dyk van Ventersdorp na Louis Trichardt

Die praktyk van ratifikasie – Art 31 KO (dr. GJ Meijer)

"Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde". Artikel 31 Kerkorde

Die woorde "vir vas en bindend hou" in Artikel 31 behels in hoofsaak drie dinge. Kerkrade is daartoe verbind om:

• besluite van die sinode te bestudeer en te toets,
• besluite van die sinode geldig te verklaar en as hulle eie te aanvaar,
• besluite van die sinode uit te voer.
• wat hier volg, is 'n praktiese, punt-vir-punt uiteensetting van dié drie onderskeie handelinge. Dit word aangebied met die wens dat dit met vrug gebruik kan word.

Besluite bestudeer en toets

Indeling van die werk

• Die acta van die sinode word deur 'n kommissie, bestaande uit twee of drie kerkraadslede, deurgegaan en in sinvolle onderdele verdeel. Die indeling kan taamlik maklik aan die hand van die inhoudsopgawe van die acta gedoen word.
• Besluite oor spesifieke onderwerpe - soos korrespondensie met buitelandse kerke, viering van nagmaal, of liturgiese aangeleenthede - word saamgegroepeer.
• Sake waarvan die kerkraad slegs kennis kan neem, word onderskei van sake wat so gou moontlik deur die kerkraad uitgevoer moet word. Neem - wat laasgenoemde betref -kennis van die artikel "Sinodebesluite wat dringende aandag verg" elders in hierdie uitgawe.

Verdeling van die werk

Aan die hand van die indeling word die hele kerkraad in kommissies verdeel om die verskillende onderdele te bestudeer. *Word vervolg*

14/04– Leon Grobler 0825699822	18/04– Wilma Swanepoel 0847149814
14/04– Danie Theunissen 0836555335	19/04– At Boersma 0834527571
16/04– René Coetzee 0828946020	20/04– Clarice Foster 0823772108
16/04– Alicia de Beer 0713014976	20/04– Johan van den Berg 0833791431
16/04– Annetjie de Jonge 0722412428	20/04– Jaco van Jaarsveld 847027628
18/04– Hans Pieterse 0832077779	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer*

Baie geluk met u verjaarsdag

'n Sakdoek is 'n nuttige ding as jou trane kom. En as hulle nie wil kom nie
– CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

13 April 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Mattheus 21:23-32
Teks: Mattheus 21:31
Sing: Ps.2:4,6; Ps. 19:4; Ps. 119:3,55; Ps. 89:11

WATTER SEUN IS EK?

Hierdie gelykenisse (drie van hulle!) wat hier staan is soos 'n spieël waarin die Joodse leiers na hulleself moet kyk en besef wie is hulle, wat is hulle besig om te doen. Die éérste , die gelykenis van die twee seuns sal hierdie leiers al ontmasker vir wie hulle waarlik is. Die eerste van die gelykenisse is baie duidelik en op die man af. Daar is 'n pa en daar is twee seuns...

KATKISASIE– Katkisasie begin vir 2de kwartaal
Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by http://bit.ly/JQjBz4

TWEEDE EREDIENS (ná katkisasie)
Skriflesing: 1 Timotheus 1
Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 12
Teks: 1 Timotheus 1:17
Sing: Ps. 107:16; Ps. 89:5; Ps. 19:2

GOD HET ALLE DINGE GESKAPE

Die werke van God handel vanaf Genesis 1 oor die geskape werklikheid waarmee hierdie deel van ons belydenis hoofsaaklike vier groot lyne trek.

God wat alles geskape het en sy doel daarmee. Die skepping van die engele en hulle werk. Die val van sekere engele en wat hulle straf is. Ten laaste die verwerping van allerlei dwalinge in die verband o.a. die dwaling van die Sadduseërs en ook die Manicheërs.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 20 en 21
Ouderlinge: Willie du Plooy
Diakens: Eugene Koole

Volgende Sondag (20/04) – Wyke 22 en 23
Ouderlinge: Koos Venter
Diakens: Michiel Venter

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Ons meelewing aan **br Frikkie Knoesen** wie se suster in die Kaap oorlede is. Ons bid hom en sr Tina en hulle familie die troos van die Heilige Gees toe. **Br Adriaan Boersma** wat 'n groot operasie moes ondergaan word volle herstel toegebid. Ons bid dat hy volkome genees hierdeur mag gaan. **Sr Muriel Erasmus** wat ook weer terugslae in haar gesondheid gehad het word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Dries de Ridder** bly in ons gebede in sy swaarkry en benoudheid. Ons broeder gaan deur baie swaar tye. **Sr Margaretha Coetzee** word volledige herstel toegebid na haar knievervanging operasie. **Sr Janet Riekert** wat geval en haar enkel op drie plekke gebreek het, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Ons is dankbaar vir die operasie wat reeds kon plaasvind. Ons vertrou dat die tyd van genesing geseënd mag wees. Sy is tans op die stadium by haar dogter in Bloemfontein.
Ds. Andries Mulder wat swaar dae deurgaan bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan sr Henta wat hom moet bystaan.
Br Kallie Tromp is ons dankbaar vir sy verbetering. Hy is tans oorgeskuif na huis Margaretha Ackerman. Sr **Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.
Sr Marie du Rand vroeër van ons gemeente, nou in Gobabis moet baie dringend haar woonstel in Prestige park verhuur kry. n Baie ruim woonstel in die gesogte blok is beskikbaar teen R4500 per maand

GEMEENTE-KAMP

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Dit is belangrik dat ons vroegtydig die name inkry en die nodige bespreking maak. Die plek wat ons die jaar na wil gaan is pragtig maar daar is blykbaar beperkte plek. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Sustentasie Instand-houding
20/04/2014 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Gerf. onderwys Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
18/04	Goeie Vrydag Erediens 9h00
22/04	Finans-Adviesvergd
24/04	Kerkraadsvergd
15/05	Oudl. vergd
18/05	Voorbereiding
25/05	Nagmaal
29/05	Hemelvaart Erediens ((18h30)

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind.
Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.
Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 13

13:48, die goeies . . . slegtes – *Selfs in die Kerk sal daar oor slegtes skuil. Hier op aarde word daar wel al met vermaning en tug daarna gekyk, maar deur die Uitverkiesing sal eindelik finaal geskei word tussen onkruid en koring, goeie en slegte visse. Ons moet deur selfondersoek ons self ook toon as goeie visse. In hierdie goddelike visnet sal ons HERE Sy kinders vashou.*
Voel die trekking van die net. "Besef u dat daar iemand [lemand] *op die strand staan, die regter van hemel en aarde en dat u elke dag nader aan daardie strand kom ? Die wêreldsee waarin u is, staan nooit stil nie. Net so God se visnet. Sy Dienaars, sy Woord, sy Sakramente is almal onder u. Die net is nog in beweging. Goddelike kragte is nog werksaam. Die bemoeienisse van God met die onsterflike siel hou nog nie op nie."*
Die skeiding tussen sleg en goed: Die Woord is `n reuk van die lewe, maar ook `n reuk van die dood . . .

MATTHEüS 14

Ek kon in Totius se werke geen verwysing na hierdie hoofstuk kry nie. As hy wel iets geskryf het oor die gelyke dele in die ander Evangelies, kan ons sy verklarings kry wanneer daardie boeke behandel word.

14:1-13, Dood van Johannes die Doper

14:1, Herodus – Hierdie was Herodus Antipas, een van die seuns van die eerste Herodus, wat die kindermoord in Bethlehem laat pleeg het. Antipas was oorspronklik aangewys as sy pa se troonopvolger, maar in die laaste testament van sy pa is hy slegs as tetrag ("viervors") aangestel vir Galilea en Peria. Hy was dus nie werklik `n koning nie, maar is soms die titel uit hoflikheid toegesê. Nes sy pa was hy slu, eergierig en lief vir `n luukse lewe, maar hy was minder bekwaam as sy pa. Keiser Caligula het sy pos in 39 nC beëindig, toe hy deur sy hou-vrou Herodias opgestook is om in Rome ook die titel van koning te gaan probeer ontvang, wat haar broer Agrippa I gedra het.

14:2, Johannes die Doper – As hierdie weergawe vergelyk word met Luk 9:7-9, lyk dit na `n verskil. Lukas stel dat sommiges gesê het dat Jesus Johannes is wat opgestaan het, en dat Herodus oor die gerug gesê het dat hy die Doper laat onthoof het . . . en hy vra dan "wie is hierdie man ?" Mattheüs se weergawe moet dan opgeneem word as Herodus se herhaling aan sy knegte, dat daar so `n gerug is – nie dat hy self dit geglo het nie. Aangesien Jesus se werk soveel groter as die van Johannes was, begeer Herodus om Hom te sien.

14:3-5, Herodias – Johannes het Herodus aangevat omdat hy sy broer Filippus se vrou, Herodias, vir homself as vrou geneem het. Ou bewerings oor Johannes se gevangeneming is (1) dat dit as straf was en (2) dat Herodus vir Johannes wou beskerm teen die wraak van Herodias. V 5 weerspreek skynbaar die tweede bewering, want dit stel dat Herodus wel vir Johannes wou doodmaak, maar uit vrees vir skare is dit nie gedoen nie. Tog stel Markus 6:19-20 dat Herodias hom eintlik uit die weg wou ruim, maar Herodus was bang vir Johannes en het selfs graag na hom geluister. Die verskil word so verklaar: Herodus wou eers in die hitte van die oomblik vir Johannes doodmaak, maar sy vrees vir die mense het hom weerhou. Toe hy Johannes leer ken, het hy respek vir hom gekry. V 9 stel dat Herodus treurig geword het toe Salome Johannes se hoof eis, en Markus 6 lees dat hy bedroef geword het.
Die volgende verse gaan oor hierdie droewige geskiedenis.
[Interessant is die opmerking wat `n klein kindjie blykbaar oor hierdie geskiedenis gemaak het, dat Herodus net nodig gehad het om te sê dat Johannes deel is van die helfte van die koninkryk is wat hy nie belowe het nie (Mark 6:23).]

14:6-7, dogter van Herodias – Haar naam was Salome, en sy is later getroud met haar "half-oom", Filippus die tetrarg. Antipas het beide `n broer en half-broer gehad, wat "Filippus" as een van hulle name gehad het. Tydens hierdie gebeure kon sy al ongeveer sewentien wees. Antipas en Herodias se egbreuk het toe reeds ongeveer twee jare tevore plaasgevind. Die feit dat `n meisie uit die koninklike huis so voor ander gedans het, was eintlik iets ongehoords, en toon die dekadensie van die Herodus-huis. Sy "behaag" Herodus, en hy belowe "al was dit ook die helfte van my koninkryk."

14:8, Gee my hier . . . – Die eis is dat Johannes onmiddelik gedood moet word. Herodias wil nie net Johannes se tong stilmaak nie, maar dat dit op so `n vernederende wyse moet wees. Wrede, haatlike wraaksug.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

1 Apr. 1873– Eerste uitgawe van die Maandbode, voorloper van Die Kerkblad; *3 Apr. 1860*– Pretoria word die hoofstad van Transvaal; *3 Apr. 1866*– Genl. JBM Hertzog gebore; *3 Apr. 2010*– Eugene Terre'Blanche vermoor; *6 Apr. 1652*– Jan van Riebeeck anker in Tafelbaai; *6 Apr. 1654*– Van Riebeeck gelofte word afgelê; *7 Apr. 1948*– Hugenotemonument word ingewy; *9 Apr. 1678*– Die hoeksteen van die eerste kerk in Kaapstad gelê; *11 Apr. 1858*– Ds. Dirk Postma se afskeid in Kampen; *12 Apr. 1877*- Transvaal word die eerste keer geannekseer; *13 Apr. 1838*– Louis Trichardt kom in Delagoabaai aan; *20 Apr. 1820*– Port Elizabeth word aangelê; *22 Apr. 1858*– Ds. Dirk Postma vertrek met die Estafette uit die hawe Nieuwe Diep na Suid-Afrika